



STATUS EN HANTERING VAN RESTITUSIE EISE

Geagte Voorsitter / Sekretariaat

Grondeienaars word dikwels mislei, gemanipuleer en selfs geïntimideer om die geldigheid van grondeise te erken deur veral amptenare van die Departement van Grondsake en ook ander instansies, wat bloot geld wil maak uit die situasie. Om grondeienaars se regte te beskerm en by te dra om toe te sien dat die beste belang van die landbougemeenskap gedien word neem asseblief dringend kennis van die volgende inligting:

1. Alle restituisie eise wat ingedien is voor 31 Desember 1998 en in die Staatskoerant gepubliseer is moet volgens wet nou eers afgehandel word voordat enige ander nuwe eise enigsins oorweeg kan word. Dit beteken nie dat die eise wat voor 31 Desember 1998 ingedien is noodwendig geldige eise is nie. Die proses om die geldigheid daarvan te bepaal moet gevolg word in terme van die wetlike voorskrifte vir die proses wat gevolg moet word in samesprekings met die grondeienaar en / of sy verteenwoordiger. Grondeienaars moet daarom bewus wees van hul regte en hoe om dit te beskerm met die nodige kundigheid en ondersteuning. Skakel vir Agri NW om hiermee behulpsaam te wees. **2.** Alle nuwe eise wat onlangs na die heropening vir die indiening van eise vanaf 1 Julie 2014 tot 27 Julie 2016 ingedien is word vir indiening aanvaar, maar mag glad nie deur die Departement geprosesseer en hanteer word nie omdat dit na aanleiding van 'n hofsak by die Grondwetlike Hof verhoed word. Dit kan slegs voortgaan indien al die eise wat voor 1998 ingedien is afgehandel is of 'n nuwe wet wat voorsiening maak vir die heropening van die indiening van eise deur die Parlement goedgekeur is. Die Parlement is tot 27 Julie 2018 gegee om so 'n nuwe wet goed te keur maar dit het natuurlik nie gebeur nie. Ons voorsien nie dat die bestaande eise wat voor 1998 ingedien is gou afgehandel sal kan word nie en die proses om 'n nuwe wet in te stel het ook nog nie begin nie en neem aansienlike tyd. **3.** Enige aansprake en besoeke aan plase deur enige iemand wat beweer dat hul 'n restituisie eis ondersoek moet daarom glad nie toegelaat word tensy dit eise is wat voor 1998 ingedien is en dit gekontroleer met die nodige toestemming en regte persone plaasvind nie. Skakel met Agri NW indien u enigsins genader word vir sulke ondersoeke om die geldigheid daarvan te bepaal. Sulke persone kan ook direk na Agri NW verwys word as verteenwoordiger van die grondeienaar om konflik en onaangenaamheid te verhoed. Daar is baie opportunistiese mense wat nou van nuuts af redes soek om nuwe eise in te dien sodra die periode vir die indiening van nuwe eise weer in die toekoms heropen word. Hierdie mense word ingelig deur die Departement van Grondsake, radikale groepe en ander mense vertel hoe om informasie te kry om te gebruik om vals eise in te die nom sodoende grond te probeer bekom. **4.** Die groot probleem is nie die bewys van geregistreerde gebruiksregte deur Kaart en Transport soos deur huidige en vorige grondeienaars gehou nie, maar die erkenning in die Reg as gevolg van regspraak van subjektiewe ongeregisteerde gebruiksregte van bewoners en gebruikers soos die historiese regte tot bewoning en grafte, beweiding, jag, water haal en godsdienstige gebruike. Dit kan effektief teengestaan word met die nodige kundigheid ter ondersteuning. Maak daarom van Agri NW gebruik ter ondersteuning.

Agri NW doen 'n ernstige beroep om hierdie inligting na lede te versprei sodat hul behoorlik ingelig is. Affiliasies moet die oor op die grond hou en seker maak dat grondeienaars nie in die strik trap vanweë oningeligtheid of die idee dat hul self hierdie probleem sonder die nodige ondersteuning en kundigheid kan hanteer nie. Dit kom enigeen wat so dink baie duur te staan en benadeel omliggende grondeienaars, die hele omgewing en Landbou in geheel. Agri NW maak staat op u samewerking en ondersteuning!

Agri NW groete

Boeta du Toit, Uitvoerende Hoofbestuurder

Navrae: Boeta du Toit 082 388 1722 / Naudé Pienaar 082 776 8283